Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

Geagte Ouers

UIT DIE KANTOOR

Ons jaarlikse Interskole was soos altyd die hoogtepunt op ons sportkalender. Die wedstryde was hard, maar deurentyd in 'n goeie gees gespeel. Ons wil al ons sportspanne gelukwens met hulle puik spel en goeie gedrag. Ons is werklik trots op elkeen. Dis 'n plesier om julle dop te hou en te sien hoe julle die sport geniet.

'n Spesiale gelukwense aan die o.13A rugby- en netbalspan, asook die eerste rugbyspan met julle puik oorwinnings.

Oorwinning wag vir almal wat bereid is om aan te hou en nooit tou op te gooi nie. By Hoërskool Goudini is net jou beste goed genoeg.

Dankie aan al die ondersteuners wat die spanne Saterdag aangemoedig en positief ondersteun het. My opregte dank aan elke afrigter wat deur die jaar moeite met die kinders gedoen het. Dankie dat julle op verskillende maniere in ons kinders se lewens belê het.

Aan die Graad 12 leerders: voorspoed met die eksamen wat voorlê. Ons glo julle is akademies goed voorberei en geestelik reg ingestel om van hierdie eksamen ook 'n sukses te maak.

Behandel mense soos hulle is, en hulle sal so bly. Behandel mense soos hulle kan wees, en hulle sal so word.

PERSONEEL VERJAARSDAE

29 Augustus – Wiehan Smit
29 Augustus – Gideon Viljoen (BL)
11 September – Jannike Viljoen
17 September – Tiaan Kleinhans

BAIE DANKIE

Ons wil graag vir Alex Lobaczewski van Postnet Worcester hartlik bedank vir al die koerierwerk wat hy vir Hoërskool Goudini doen.

SEñOR CHEF

Die Señor Chef produkte sal op Woensdag, 14 September by die skool afgelewer word.

SISTEMIESE TOETSE

Die sistemiese toetse vir Graad 3, 6 en 9 word word op Maandag, 17 Oktober geskryf.

GOIINGSAKKE

Indien u goiingsakke het om te skenk vir ons Laerskool konsert, hoor ons graag van u!

o.13 SPORTTOER

Die o.13 rugby- en netbalspanne het vanaf 22 – 28 Augustus 'n toer onderneem. Hul program het as volg verloop:

Maandag	-	vertrek vanaf Rawsonville
Dinsdag	-	besoek Oudtshoorn
Woensdag	-	sportwedstryde te Stilbaai
Donderdag	-	besoek Knysna
Vrydag	-	besoek die Diaz Museum en gaan kyk olifante by Indalu
Saterdag	-	sportwedstryde te George
Sondag	-	keer terug na Rawsonville

'n PLUIMPIE!!

Die groep het verskeie komplimente oor hul goeie gedrag ontvang. Selfs 'n skoolhoof van Engeland kon nie haar oë glo toe sy sien hoe soet en goed gemanierd ons leerders is nie!

Baie dankie aan Eureka du Toit asook alle ouers wat bygedra het om van hierdie toer 'n groot sukses te maak! Baie dankie ook aan Pieter Hamman vir die bestuur van die Iveco bussie.

GOUDINI WEN INTERSKOLE TEEN BONNIEVALE!!

NETBAL

o.7A verloor 0-6
o.7B wen 7-2
o.8A wen 1-0
o.9A wen 4-1
o.9B verloor 0-1
o.10A wen 9-4
o.10B gelykop 5-5
o.11A wen 6-2
o.12A wen 11-6
o.13A wen 20-10
o.13B verloor 6-3
o.14 verloor
o.16 verloor
2de verloor 38-0
1ste verloor 14-10

RUGBY

o.7 wen 6-5
o.8 verloor 2-5
o.11 wen 19-0
o.13 wen 33-29
o.15 wen 26-14
o.19B verloor 3-15
o.19A wen 20-18

RUGBY

Faasen Laubscher het op 26 en 27 Augustus aan die Boland rugbyproewe te Wellington deelgeneem en is in die Noord-Boland rugbyspan opgeneem.

SKAAK

Goudini wen HS Vusisizwe 5 stelle teen 1 en Drostdy 4 stelle teen 2.

STOEI

Baie geluk aan Pieter Hamman wat gekies is vir die Boland stoeispan wat aan die SA kampioenskappe gaan deelneem.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan alle leerders wat gedurende September verjaar!

SEPTEMBER

LEERSKOOL		HOËRSKOOL	
1	Frannie Agenbag	1	Gregory Thomas
2	Emile Patience	1	Andries Saron
2	Andrew Thomas	5	Ashwin Rabie
4	Markwin Fortuin	6	Izall Goedeman
8	Eldine Pellow	7	Grant Baadjies
10	Lee-Linn Baadjies	10	Marquinn Jonkers
11	Jo-Marie Hendriks	12	Marvin Smith
12	Luciano Ruiters	12	Roderick Salferus
20	Janiel Brink	13	Elzandré Fortuin
21	Darian Oncke	17	Cilene Syster
22	Lisa Thomson	18	Deacon Pieterse
25	Jay-Lee de Jongh	19	Anoechka Bezuidenhout
25	Roumisca Louw	23	Baroné Cupido
27	Willem-Juan Burmeister	25	Meneesa Brown
28	Nikki Arries	25	Megan Wiese
29	Joshua Hoorn	27	Lionel Meyer
29	Retief Viljoen		
30	MC Crocker		

BAIE DANKIE

Graag bedank ons die volgende persone wat mildelik skenkings ten opsigte van die eerste rugbyspan gemaak het:

Awie en Johanna Cordier
Mornè snr, Susan en Morné jnr van der Merwe
Adri en Chris Versfeld

Julle belangstelling en ondersteuning word opreg waardeer!!
♥♥♥

SKOOLBYWONING

Hiermee wil ons u as ouers inlig dat leerders wetlik verplig is om skool by te woon tot en met die laaste skooldag. Ons doen 'n **ernstige** beroep op alle ouers om toe te sien dat u kind/ers die skool sal bywoon tot en met die laaste skooldag van die kwartaal.

SKOOLFONDS / NOTAGELD

Ons rig 'n **ernstige** versoek aan u as ouer om asseblief u kind se skoolfonds en notageld te betaal. Baie dankie aan diegene wat dit reeds betaal het.

TOETSROOSTER VIR GRAAD 8 – 11 EN EKSAMENROOSTER VIR GRAAD 12'S

Vind hierby aangeheg die toetsrooster vir Graad 8 – 11 asook die Graad 12's se eksamenrooster. Laerskool leerders skryf hierdie kwartaal deurlopende toetse.

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof
2 September 2016

GRAAD 12 SEPTEMBER EKSAMENROOSTER

Weeksdag	Datum	Vak
Donderdag	1 Sept	RTT 1 – Prakties (3h)
Vrydag	2 Sept	LO (1½h – 09:00 – 11:00)
Maandag	5 Sept	VS Prakties (G1 & G2)
Dinsdag	6 Sept	LW 1 (2½h)
Woensdag	7 Sept	Eng 1 (2h)
Donderdag	8 Sept	
Vrydag	9 Sept	Wisk 1 (3h) / WG 1 (2½h)
Maandag	12 Sept	Wisk 2 (3h) / WG 2 (2½h)
Dinsdag	13 Sept	
Woensdag	14 Sept	Eng 2 (2h)
Donderdag	15 Sept	RTT 2 – Teorie (3h) / LW 2 (2½h)
Vrydag	16 Sept	Afr 1 (2h)
Maandag	19 Sept	FW 1 (3h) / BS 1 (3h) / Geo 1 – Teorie (3h)
Dinsdag	20 Sept	
Woensdag	21 Sept	Afr 2 (2h)
Donderdag	22 Sept	
Vrydag	23 Sept	FW 2 (3h) / Geo – Kaartwerk (1½h)
Dinsdag	27 Sept	Rek (3h) / ST – Teorie (3h) / VS (3h)

GRAAD 8 – 11 SEPTEMBER TOETSROOSTER

Weeksdag	Datum	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11
Dinsdag	13 Sept				
Woensdag	14 Sept	Wisk	EBW	LW / RTT	Rek / VS / ST
Donderdag	15 Sept	Afr	Wisk	LO	Eng
Vrydag	16 Sept	EBW	NW	Wisk / WG	LW / RTT
Maandag	19 Sept	SW	Eng	Eng	Afr
Dinsdag	20 Sept	Teg	SW		Wisk / WG
Woensdag	21 Sept	Eng	Afr	FW / BS / Geo	LO
Donderdag	22 Sept	NW	LO	Afr	
Vrydag	23 Sept	LO	Teg	Rek / VS / ST	FS / BS / Geo